

Sing vooraf staande: Psalm 128:3 (p.627)

- 3 Soos jong olyfboomplante, / wat uitspruit sterk en fris,
so bloei aan alle kante / jou kinders om jou dis.
O wie van dié getal is, / hy wat die HERE vrees,
vir wie God een en al is – / hy sál geseënd wees.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 31:15 (p. 147)

- 15 Hoe groot is, HEER, u seënstrome / vir wie opreg van gees / wil wandel in u vrees!
Hoe groot die vreugde van die vrome, / as almal klaar bemerk het / die heil wat U bewerk het.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet sing ons Psalm 68:9 (p. 334)

Wet

Psalm 68:9 (p. 334)

- 9 Geloofd sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewe.

Gebed

Psalm 118:12 (p. 579)

- 12 Dit is die dag deur God verkore, / die feesdag aan Hom toegewy.
Laat ons, met psalms uit vreug gebore, / ons in die God van heil verbly.
Ag, HEER, gee nou u seëninge; / gee voorspoed, HEER, op hierdie dag –
dit is die dag van grote dinge, / die gloriëteken van u mag.

Skriflesing: Handeling 28

Teks: Handeling 28:4b, 5

Hierdie man is beslis 'n moordenaar wat die Goddelike wraak nie laat lewe nie, al is hy uit die see gered. Maar hy het die adder in die vuur afgeskud en geen kwaad gely nie. (Handeling 28:4b, 5 AFR53)

Alles wat hier op Milete gebeur, is 'n magtige preek van God se genade. Hier is magte aan die werk.

- Magte wat die dood probeer veroorsaak en so alles vernietig, en magte wat die lewe wil beskerm.
- Al die gebeurtenisse is 'n stryd teen die dood.
- Maar dit vertel van 'n ander oorlog wat om ons woed tussen die ewige lewe en die ewige dood.

Elke mens het 'n groot begeerte om te bly lewe. Ons smag daarna. Maar dit is 'n dieper behoefte as om net op die aarde te lewe. Ons wil na die dood ook lewe. Nou preek God aan ons dat ons nie hoef te vrees nie. Hy het reeds Jesus Christus gestuur wat die dood vir ons oorwin het. Hy waarborg vir ons dat ons sal lewe in God se koninkryk. Dit is die lewensewangelie wat hier op Milete gepreek word – die ewangelie van lewe deur Jesus Christus.

'n Paar dinge val ons dadelik op as ons die geskiedenis hier lees:

1. Die doodsmagte aan die werk
2. Paulus wat die lewe bring
3. Die seëninge van die evangelie

1. Die doodsmagte aan die werk

Paulus is op pad na Rome. Die hele reis is vol van doodsmagte wat Paulus en die saam met hom wil vernietig. Ons lees in hierdie hoofstuk van 'n storm wat op die see woed.

- Die mense op die Romeinse bootjie is paniekerig.
- Almal is met doodsvrees oorval.
- Al die vrag wat op die boot was, is al in die see gegooi.

Dan verskyn die engel van die Here aan Paulus en sê: Moenie vrees nie, Paulus; jy moet voor die keiser staan. God het jou geskenk almal wat saam met jou vaar. (Handelinge 27:24 AFR53)

Twee magte staan teenoor mekaar – lewe en dood.

- So kom Paulus en sy geselskap op Milete aan. Druipnat en ternouernood aan die dood ontkom, staan hulle daar op die strand.
- Die lewe het oorwin. Maar hulle kom ook nou op so 'n manier op Milete aan dat dit lyk asof die gesant van God onwelkom is.

Eintlik was hy onwelkom, want die satan wou hom nie daar hê nie omdat hy Paulus wou verhoed om die evangelie aan hierdie mense te verkondig.

Die inboorlinge ontvang hulle hartlik en vriendelik.

- Daar word 'n groot vuur aangepak om hulle te verwarm en droog te maak.
- Dit lyk asof die inboorlinge dit spontaan doen, maar die magte is weer aan die werk en die God van lewe het reeds hier oorwin.

Dit was nie in die aard of volgens die gebruike van hierdie inboorlinge om mense wat as drenkelinge uit die see kom, so mensliewend te ontvang nie.

- Hulle het sulke mense aangeval en hulle beroof van al hulle besittings en hulle dan as slawe gebruik of verkoop.
- Maar in plaas van die gewone vyandigheid word hier 'n heerlike warm vuur gemaak vir die drenkelinge.

Die mag wat dood bedryf, is egter ook aan die werk.

- 'n Giftige adder byt so vas aan Paulus se hand dat dit bly hang totdat hy dit in die vuur afgeskud het. Dadelik is ons weer in die atmosfeer van doodsverwagting.
- Die mag van die dood probeer weer om Paulus en sy evangelie uit te wis.
 - Dit lyk ook of dit wil werk, want dadelik sê die barbare dat Paulus 'n moordenaar is.
 - Hulle het 'n godin met die naam van Dikê, en sy straf alle moordenaars.
 - Paulus was net gelukkig om lewendig uit die see te kom, maar hy sal nie die wraak van hulle afgod ontvlug nie.

Die satan maak die mense dadelik teen Paulus op sodat hulle ook niks goeds van hom moet glo nie.

- Almal wag in spanning, maar daar gebeur niks.
- Paulus bly lewe.

Die gebeurtenis is so snaaks dat die plan van die satan nou presies die teenoorgestelde bereik as wat hy graag wou.

- Hy wou hê dat die mense aan Paulus moes twyfel, en hy wou Paulus laat sterf.
- Maar nou bly Paulus lewe, en in plaas daarvan dat die mense teen hom moet wees, dink hulle nou skielik dat hy 'n god is.
- Hulle is nou twee keer meer bereid om te luister na wat Paulus te sê het as wat hulle voor die tyd was.

So gebruik die Here elke keer die duiwel om sy raadsplan te bevorder.

Maar ons is nog nie van die dood ontslae nie. Die vader van Publius lê siek aan buikloop.

- Vir daardie mense het dit net een ding beteken – die dood.
- Hierdie siekte was vir hulle ongeneeslik, en almal wat dit opgedoen het, het gesterwe.

Weer die atmosfeer van doodsverwachting.

Die goddelike wonder bly egter nie uit nie, want Paulus het by hom in sy huis ingegaan.

- Nadat hy gebid het om die krag van God, het hy die sieke die hande opgelê en hom gesond gemaak.
- Hy maak ook ander siekes op die eiland gesond.

Dit gaan egter nie om Paulus as mens nie, maar om Paulus as die gesant van die lewe.

- Dit gaan oor die dienskneg wat God stuur om sy werk te gaan doen.
- Hy kom op die eiland om die plek en sy mense te verryk met die evangelie van lewe.
- Alles wat die duiwel tot nadeel van die evangelie wou gebruik, verander die Here nou so dat dit die evangelie bevorder.

Die slang gee die deurslag.

- Dadelik is dit vir die inboorlinge duidelik dat hier 'n God aan die werk is wat hulle bygeloof heeltemal oorskadu.
- Paulus praat baie keer van **die God aan wie ek behoort**. Hy sou dit sekerlik ook aan hulle gesê het. Sodoende hoor hulle van die lewende God.

Dit is 'n wonderlike gebeurtenis vir die mense van Milete.

- Die wonderlikheid lê daarin dat hulle nou vir die eerste keer werklik met 'n God te doen het wat mag het oor die dood.
- Dit is dus 'n wonderbesoek aan Milete waarin die evangelie van lewe oor die dood triomfeer.

Dit is tog so duidelik dat God self hier op Milete preek. Daarna volg daar die seëninge op Paulus se prediking.

- Almal kom in beweging. Die inwoners van die eiland bring voedsel en klere.
- Maar die werklike groot vraag is dit: Gee hulle werklik hulle lewens aan Jesus Christus?

Die gebeurtenisse op hierdie eiland het ook vir ons iets te sê.

- Dit leer ons van die finale oorwinning oor die dood.
- Dit profeteer vir ons dat die seën wat vir ons uit Jesus Christus se kruis voortkom, die finale oorwinning oor die dood sal wees.

Paulus oorwin siekte. Net soos wat die mense bly lewe, so oorwin Jesus Christus vir ons die dood en die sonde dat ons in die ewigheid kan bly lewe.

- Dit wat hier op Milete gebeur is tog so min van die werklike evangelie.
- Hier word nie eers die helfte gepreek van wat die evangelie werklik vir ons beteken nie.
- Paulus kon met sy prediking die dood maar net tydelik oorwin, want hierdie mense wat daardie dag op Milete was, is vandag almal dood.

Maar die betekenis daarvan vir ons is dat die dood vir ons ook oorwin word, maar so dat ons vir ewig in die koninkryk van God kan bly voortlewe.

- Dit leer ons dat die doodsmagte eendag almal finaal vernietig sal word.
- Maar dikwels aanvaar ons nie die seën wat ons hierdie geluk besorg nie.
- Hoeveel keer lees ons nie dat Paulus van 'n plek af weggaan en dan bly daar van sy prediking niks oor nie.

Geliefdes, aanvaar ons lidmate werklik hierdie evangelie van lewe?

- *Is dit nie dalk so dat ons blind is vir hierdie soort dinge omdat die satan die volle vreugde van die ewige lewe vir ons verborge bly hou nie.*
- *Sommiges van ons moet ons van ons geestelike blindheid voor God bekeer en leer om die Here se genade raak te sien en met meer blydschap te lewe.*
- *Waarskynlik is daar van ons wat die Here ernstig moet bid om ons van selfsug en verwaardheid te verlos.*
- *Ons moet ook meer doen as om net die evangelie vir die ewige lewe te aanvaar – ons moet dit laat werk in ons lewens.*

Ons moenie soos die heidene van Milete net na uitwendige wonders kyk om ons van die evangelie van Jesus Christus te verseker nie.

- Hulle was heidene. Ons is nie. Ons weet van beter.
- Maar nogtans werk al die magte wat op Milete gewerk het, ook nog elke dag met ons.
- Die mag van die dood wat alles probeer afbreek, probeer om ons van God te vervreem.

Die mag van die lewe is met ons.

- Dink daaraan hoe God ons lewens onder sy genade rig en lei.
- Hoe God die Heilige Gees ons steeds met Goddelike wysheid deur al die donker kolle in ons lewens gevoer het.

As ons so oorwinnend teen die sonde kan bly stry, vergeld God ons met die ewige lewe waarvan Hy ons op Milete geleer het.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 1-1:1 (24:1)

- 1 Geseënd sy bo alle dinge / die ewige God en Vader! Hy het in die hemel seëninge / vir ons in Christus toeberei. Na die besluit, uit Hom gebore / en ewig in sy wese vas, het Hy in Christus ons verkore / voordat daar tyd of wêreld was.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 4 November 2012